22 Maart 2011

NUUSBRIEF 3/2011

Geagte Ouers

Met die vakansie wat nader, is ons dankbaar en opgewonde dat dit goed gaan met ons skool en pragtige kinders.

Ontvang my en die personeel se opregte dank en waardering vir elke ouer se getroue en lojale ondersteuning gedurende die afgelope kwartaal.

Die volgende belangrike sake vir u aandag:

1. **Assesseringsverslae / Rapporte**

   Assesseringsverslae / rapporte word eers na die vakansie op Dinsdag, 19 April 2011, aan die leerders oorhandig en die oueraand sal Woensdag, 20 April 2011 plaasvind waar u geleentheid sal kry om die personeel te spreek rakende u kind se vordering.

2. **Rugby-, Netbal- en Skaaktoernooie / klinieke**

   Ons wens alle spanne wat gedurende die vakansie aan klinieke en toernooie deelneem sterkte toe. Spelers wat deelneem het reeds briewe ontvang. 'n Ernstige beroep word op ouers gedoen om asseblief die uitstaande toergelde voor Vrydag, 25 Maart 2011 om 11:00, te betaal. Ons moet dit oorbetaal aan die onderskeie toernooie en kan nie alvorens almal se gelde inbetaal is nie.

3. **Skoolsluiting en heropening**

   Die skool sluit Vrydag, 25 Maart 2011 om 12:00 en heropen weer op Maandag, 11 April 2011 om 07:15.

Geniet die paar dae vakansie saam met u kinders.

Groete

_____

Mnr J L M Venter
HOOF